
Desert Namib - reptiles
reptiles general ecology
1801

# Reptiele van die Namib



*Bitis caudalis* het prominente 'horinkies' bokant sy oë. Let op die afwesigheid van oorgate wat by alle slange ontbreek


Artikel deur L Wessels en foto's deur W D Haacke, albei van die Transvaal-museum

Hoewel meeste mense aan die Namib dink as die pragtige rooiduingebied van Suidwes, strek dit eintlik oor 'n veel groter gebied, nl vanaf Lucira in Angola al langs die Suidwes-kus af tot by die mond van die Olifantsrivier aan die Namakwalandse kus in die Kaapprovinsie.

Hierdie gebied met 'n reënval van minder as 100 mm per jaar, is die unieke habitat van 'n groot verskeidenheid klein diertjies. As 'n dier hier wil oorlewe, moet hy aanpas. Misbanke langs die kus dra egter baie tot die oorlewingsmoontlikhede by.

Die noordelike Namib, noord van die Kunene-rivier tot suid teen die Kuiseb-rivier, bestaan hoofsaaklik uit gruisvlaktes met enkele kleiner duinvelde en min of geen plantegroei. Die stroke wit sandduine loop ewewydig aan die kus.

Hier, en nêrens anders ter wêreld nie, leef die groot pantser-akkedis *Angolosaurus skoogi*. Hulle bestee meeste van hul tyd onder die sand en kom slegs na die




*Angolosaurus* word op die sandduine van die noordelike Namib aangetref. Sy kragtige liggaam en wigvormige neus stel hom in staat om in die sand te 'swem'



Geitjies wat klipbewoners is soos *Rhoptropus taeniostictus* is kripties-gekleurd. *Rhoptropus* het vertikale spleetpupille, kenmerkend van nagdiere, en nie die ronde pupille wat daglopers kenmerk nie



*Chamaeleo namaquensis* leef op die grond en gebruik sy kleure en houding om ander diere af te skrik



*Palmatogecko* van die Namib het vertikale pupille en die kleur van die geitjies wat snags aktief is. Let op die gewebde tone wat dit maklik maak om op los sand te loop en daarin te grawe




Wanneer die woestynsand ondraaglik warm word, kry *Meroles cuneirostris* verligting deur sy hele lyf, stert en bene van die warm sand af op te tel



Die klein namakwadwergaddertjie, *Bitis schneideri*, trek hom plat om sy liggaam se oppervlakte te vergroot. Hy drink dan die vog wat op sy vel kondenseer



*Bitis peringueyi*, die groter namakwadwergadder, vroetel in die sand in totdat net sy oë uitsteek en wag op sy niksvermoedende prooi



Een van die talle soorte pootlose akkedisse (*Typhlosaurus spp*) van die Namib. Let op die horingagtige snoet en rudimentêre oë

oppervlak om in die son te bak of om gras en narralote asook af en toe 'n kewer te vreet. Vermoedelik is roofvoëls hul vernaamste vyande, want val daar 'n skaduwee oor hulle, word daar blitsvinnig onder die sand in geduik. Hulle 'swem' in die sand met 'n kronkelbeweging van hul sterk liggame soos palings in water. Hulle duik tot omtrent 300 mm diep onder die sand in waar hulle dae lank kan vertoef, terwyl hulle die kapillêre lug tussen die sandkorrels inasem.

Nog 'n spesie wat net in hierdie wêrelddeel voorkom, is die naglopende geitjie *Kaokogecko vanzyli*. Soos alle ander geitjies kan hy nie sy oë knip nie, maar lek sy oogoppervlak met sy tong skoon. Sy pootjies is met gewebde tone vir sand aangepas, en met hegkussinkies en kloutjies vir 'n klipperige omgewing.

Die daglopende geitjies van hierdie gebiede, *Rhoptropus spp*, is merkwaardig, want hulle het spleetpupille, kenmerkend van nagdiere en nie ronde pupille wat daglopers kenmerk nie. Die klein afdakkie van die boonste ooglid bokant die oog dien as beskerming teen die skerp Namibson. As klipbewoners is hulle kriptiesgekleur en het verdikte toontjies met hegkussinkies om vas te klou. Hulle is ratse klein diertjies wat blitsvinnig in donker klipskeurtjies kan in glip as gevaar dreig.

Die groot, grondlewende verkleurmannetjie *Chamaeleo namaquensis* is die toktokkievreter van hierdie wêreld. Hulle is meestal lig tot donkerbruin van kleur om by hul klipperige omgewing aan te pas. As hulle aangeval word, kan hulle egter gou 'n afwerende swart spikkelpatroon aanneem, hulself opblaas en met geel mondholtes die aanvaller afskrik.

Die horingadder *Bitis caudalis* (niemand is seker van 'n rede vir sy horinkies nie), die kriptiese vaal- en witgekleurde *Pythonodipsas carinata* met sy luislangagtige kop, asook die dun vinnige sandslange (*Psammophis spp*) is van die slange wat in hierdie gebied aangetref word.

Die gebied tussen die Kuiseb-rivier en Lüderitz in die suide is die rooiduingebied van die suidelik Namib met gruis-duinstrate, polle stekelrige gras en van die hoogste duine ter wêreld.

'n Bekende someraandgeluid in die Namib is dié van die blaffende geitjies of klipslanertjies, soos hulle ook genoem word (*Ptenopus spp*). In die omgewing van die Kuiseb-rivier kom drie soorte voor. Teen sononder sit hulle in die openinge van hul tonnels en dan begin 'n geitjiekoor wat tot sonop kan aanhou. Net die mannetjies roep om hul territoria te bevestig en om die wyfies van hul tonnels af aan te lok. Die vorm van die tonnelingang versterk die klank in so 'n mate dat die roep op 'n stil aand 200 tot 300 meter ver gehoor kan word. Elke geitjie bly in sy eie ondergrondse tonnel, waarvan die hooftonnel tot 300 mm diep kan wees, met sygange wat tot net onder die grondoppervlak loop en as moontlike ontsnaproetes kan dien. Die roep bestaan uit vinnig-oopeenvolgende klikgeluide. Elke spesie het sy eie frekwensie sodat 'n mens hulle met 'n bietjie oefening uitmekaar kan ken.

'n Bekende naglopertjie van die waaisand is *Palmatogecko rangei* met sy gewebde pote en groot oë. Hy grawe ook 'n tonneltjie in die sand, maar in teenstelling met dié van *Ptenopus* is syne net tydelik en dien as beskerming teen die sonstrale en hitte van die dag. Met sy gewebde pootjies grawe hy homself teen sonop in die dounat sand in, om eers weer teen die aand uit te kom om te jag.

*Palmatogecko* maak 'n lekker maal vir die woestynaddertjie *Bitis peringueyi*, wat ook in die duine leef. Sy oë sit skuins bo-op sy kop sodat hy, nadat hy homself onder die sand ingewikkel het, nog sy niksvermoedende prooi kan sien. Die dun stertpuntjie kan as lokaas gebruik word deurdat dit bokant die sand rondgewikkel word om diertjies soos die graafneusakkedis, *Aporosaura anchietae*, se aandag te trek. Van die dou maak hy goed gebruik. Die hele lyf word platgetrek sodat die maksimum oppervlakte dou kan opvang, en daarna drink hy die vog van sy lyf af. Die wyse waarop die Namibadder voortbeweeg is 'n aanpassing by 'n onstabiele of gladde substraat. Hy kronkel-spring skuinsweg oor die sand en laat 'n ewewydige riffelpatroon as spoor in die sand.

Die wigsnoetsandakkedis *Meroles cuneirostris* met sy skerp wigvormige snoet, rooibruin kleur en vlugvoetige beweging, is goed aangepas by sy omgewing. Hy het lang tone met skubkammetjies aan die agterkant om die oppervlakte te vergroot. Daarmee kan hy vinnig oor die sand beweeg. Wanneer hierdie einste sand te warm word, voer die akkedissie 'n eienaardige 'dans' uit. Met sy stertpunt omhoog, stut hy homself met sy dik stertbasis op die grond en verhef sy lyf op uitgestrekte bene. Die pootjies wat te warm kry, word om die beurt opgetel, sodat daar op 'n gegewe tydstip twee pootjies tegelyk op die grond en twee in die lug aan't afkoel is.

In die klipperige koppiewêreld van die laer Oranjeriviervallei en die Richtersveld word die minder bekende woestynbergadder *Bitis xeropaga* aangetref. Met sy vaalgrys en swart kleurpatroon is hy beter aangepas om tussen klippe as op sand te lewe, en gevolglik sal hy nie soos ander woestynadders in die sand ingrawe of van die sywaartse voortbewegingsmetode gebruik maak nie.

Suid van die Oranjerivier en die Richtersveld in die Namakwalandse sandgebied, word ander tipiese Namibwoestynbewoners aangetref. *Meroles ctenodactyla* het nes *M cuneirostris* 'n skerp gekielde snoet maar is ligter van kleur as die rooisand *Meroles*-spesies en heelwat groter.

Die namakwadwergaddertjie *Bitis schneideri*, die kleinste soort adderagtige slang ter wêreld, word hier aangetref. Hy is valer van kleur en sy oë sit nie skuins bo-op sy kop nie, maar verder stem hy in voorkoms, gedrag en manier van voortbeweging heelwat ooreen met die groter *B peringueyi* van die sentrale en noordelike Namib.

Na die Namakwalandse kusgebied word soms as 'oorgangs-Namib' verwys want hierdie gebied het 'n redelik digte sukkulente plantegroei. Onder hierdie bossies en tussen hul wortels kan 'n groot verskeidenheid diertjies aangetref word. Trouens, die beste manier om die pootlose *Typhlosaurus* en *Acontias*-skinke van nader te beskou, is om hulle met 'n hark tussen die bossies uit te krap.

Die Namib is oënskynlik 'n wrede wêreld maar as 'n mens 'n bietjie nader gaan en fyn oplet, ontvou 'n interessante reptielwêreld voor jou. Deur oorlewingsmoontlikhede soos die dou te benut, en met hul gedrags- en liggaamsaanpassings, floreer hierdie diertjies in dié woestyngebied.